

## Stryd om moedertaalonderrig gedurende die oorlogsjare en daarna, 1939-1948

**D**at die politisering in die wit onderwys wat veral vanaf die dertigerjare 'n kenmerk van taalwetgewing geword het, in die veertigerjare momentum gekry het, was gedeeltelik as gevolg van die woelinge gegeneer deur die Tweede Wêreldoorlog en die nagevolge daarvan en die uiteenlopende standpunte van die twee hoof politieke partye. Die uitbreek van dié oorlog in 1939, Hertzog se bedanking en Smuts se opneem van die premierskap, het die taalkwessie, veral die medium van onderrig, as 'n bittere partypolitieke strydpunt na vore gebring. Omdat die kwessie van deelname aan die oorlog al dan nie die groot strydpunt was, het die voertaalkwessie aanvanklik weinig aandag gekry.

Verskeie ondersoeke is in die laat dertigerjare en die vroeë veertigerjare na onderskeidelik die voordeel al dan nie van die een- en tweetalige skool deur opvoedkundiges gedoen waarvan E G Malherbe die vernaamste was. Dié ondersoek wat in 1938 'n aanvang geneem het, is in 1943 as *Die tweetalige skool* gepubliseer. In die ondersoek waarin sowat 18 000 leerlinge betrek is, het Malherbe tot die slotsom gekom dat die voordele van dubbelmediumonderwys met Afrikaans- en Engelsprekende leerlinge in dieselfde skool die opvoedkundige nadele oortref het (Malherbe 1977: 60). Hy het ook bevind dat die tweetalige skool

a type of school [was] where English and Afrikaans speaking children [could] associate freely together so that they learn to know each other as well as each other's language; and where the method of instruction is such that every child, no matter what the language of his home or his schoolmates, is guaranteed to become an educated, bilingual South African.

Malherbe se bevindinge het sterk teenkanting ontvang van diegene wat die eentalige skool voorgestaan het (Behr & MacMillan 1971: 65). Dat Malherbe politiek bygesleep het in sy navorsingsbevindings het sy beeld as wetenskaplike navorser aangetas (Kapp 2002: 21).

Verdere ondersoek het gevolg: In 1941 het die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing (NBOMN) 'n empiriese proefneming in 'n aantal skole gedoen om die beste stadium vir die aanvang van die tweede taal vas te stel. Die resultate van die ondersoek is later saamgevat in 'n pamflet van die TOD oor die onderrig van die tweede taal. Die wetenskaplike ondersoek na die medium van ondersoek in skole deur die National Bureau for Educational and Social Research in 1944 het getoon dat die vermeende nadelige gebruik van die tweede taal as medium van onderrig, vergroot is en die voordele van dubbelmedium, die problematiese opvoedkundige nadele oortref het (Malherbe 1977: 90).

Die Afrikaanssprekendes het gedurende die twintiger- en veral dertigerjare soveel bereik deur die groei van aparte enkelmediumskole, in besonder die Afrikaansmediumskole, en die verskansing daarvan in provinsiale onderwyswetgewing waarin uitdruklik voorsiening gemaak is vir die reg van die ouers om die voertaal van sy kind bokant standerd vier (later standerd ses) te kies, dat hulle nie die verandering in die *status quo* geredelik sou aanvaar nie. Die Afrikaanssprekendes het veral die mening gehuldig dat “[v]ir die behoud van 'n volk se identiteit en die uitbouing van sy nasionale aspirasies is moedertaalopvoeding en -onderwys [...] 'n vereiste” (soos aangehaal deur Beylefeld 1986: 20). Die kwessie was dus nie net pedagogies van aard nie. En nou, in die periode van ontwrigtende veranderings meegebring deur die oorlog, word

[...] language [...] a culture's most potent symbol. Particularly in periods of rapid [...] change when traditional norms and institutions are threatened and wide differences in people's values and aspirations arise (soos aangehaal deur Beylefeld 1986: 18).

Afrikaanssprekendes het gevolglik op kultuur- en politieke gebied georganiseer om te verseker dat reeds verworwe voorregte nie van hulle ontnem word nie. In Julie 1939 het die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK) 'n groot kongres oor CNO in Bloemfontein gereël, waartydens die kongres hom opnuut ten gunste van CNO en

enkelmediumskole uitgespreek het (Broodryk 1994: 140, 141; vgl ook Basson 1944: 108).

Die Smuts VP-regering wat een nasieskap (Afrikaans- en Engelsprekend) nagestreef het deur middel van die promovering van tweetalige skole, was egter ewe vasberade. Volgens die VP se amptelike standpunt was dit die taak van die onderwysstelsel om van kinders goeie Suid-Afrikaners te maak en nie goeie Nasionaliste nie; hulle moet naamlik opgevoed word om mekaar se taal en gevoelens te verstaan. Dit was nie die VP se beleid om bestaande Afrikaans- en Engelsmediumskole te verenig of om parallelelmediumskole te stig nie. Die beginsel van moedertaalonderwys is aanvaar, maar om tweetaligheid te bevorder, was die VP-regering ten gunste van die invoer van die tweede taal as onderrigmedium op 'n tydstip wat opvoedkundig meer aanvaarbaar was (Broodryk 1994: 144, 145). Gemotiveer deur simpatieke gevoelens teenoor Brittanje gedurende die oorlog het die VP gedurende die veertigerjare heftige aanvalle op enkelmediumskole geloods. Die VP-kongres het dus reeds in 1941 besluit dat stappe geneem moes word vir die totale afskaffing van enkelmediumskole, veral Afrikaansmediumskole. Hoewel die owerheid aanvanklik niks gedoen het om dubbelmediumskole daadwerklik in te voer nie, het Afrikaanssprekendes die houding uiters negatief beleef en geïnterpreteer (Broodryk 1994: 145).

Dat die bevindinge van Malherbe se ondersoek in 1943 gepubliseer is, het dit besonder relevant gemaak omdat dié data aangewend is deur die onderskeie politieke partye in die provinsiale verkiesing van 1943 vir hul eie gewin (Malherbe 1977: 56). Die aanvang van die propagandastryd met die oog op dié provinsiale verkiesing, het die kwessie van enkel- of dubbelmediumskole weer na die oppervlakte gebring as 'n voortvloeiende verpolitisering van die onderwys. Die stryd, dit is vir enkel- of tweetalige skole, is ook in die Parlement gevoer ten spyte daarvan dat primêre en sekondêre skoolopvoeding eintlik onder die jurisdiksie van die provinsiale administrasies geressorsteer het. Die uitslag van die parlementêre en later ook die provinsiale verkiesing in daardie jaar was 'n oorwinning vir die VP, dus 'n oorwinning vir die beginsel van die tweetalige skool.

Aan die begin van 1944 het die leier van die Herenigde Nasionale Party (HNP) in die Vrystaat, advokaat C R Swart, die volgende mosie in die Parlement ter tafel gelê:

That this House declares itself unequivocally in favour of the educationally-sound principle of the mother-language medium in primary, secondary and higher education, and emphasizes the fact that the single-medium school in which sound training in the second official language is also given is the most suitable for South African conditions (Malherbe 1977: 82).

Daarop het genl Smuts, die Eerste Minister, die volgende wysiging voorgestel:

This house taking account of the fact that the South Africa Act enshrines as its fundamental principal the conception of a united country and South African people, and to that end provided for a Legislative Union of South Africa and equal rights of both official languages, considers it necessary that everything should be done to foster national unity and to provide equal opportunities for all citizens to learn both official languages. It therefore, with a view of serving these objects, expresses the advisability that the Government in consultation with the Provincial Authorities, considers the amendment where necessary of the educational laws and regulations and the revision of the educational machinery of the provinces so as to give effect within a period of five years to the following principles:

- 1) That the child should be instructed through its home language in the early stages of its educational career;
- 2) that the second language should be introduced gradually as a supplementary medium of instruction from the stage at which it is on educational grounds appropriate to do so; and
- 3) that such changes should be introduced in the system of training of teachers as are necessary to make ideals of bilingualism and of national unity in the schools fully effective (Malherbe 1977: 83; vgl ook RGN 1981: 32, 33; Scholtz 1984: 298).

In die Parlement is dus twee standpunte uiteengesit. Die motief agter dubbelmediumskole, aldus die HNP (by monde van hul leier, dr D F Malan) was dat die VP besef het dat die wit Suid-Afrikaanse jeug al hoe meer nasionaalgesind geword het en dat die VP die skool wou gebruik om dié neiging te keer. Die voordele van die moedertaal is benadruk. Die VP het by monde van sy Minister van Onderwys, J H Hofmeyr, enige bedekte politieke motiewe ontken en die voordele vir die vorming van tweetalige burgers en die skepping van een nasieskap deur dubbelmediumonderwys geloof. Kinders moes volgens dié VP-sentiment besiel word met 'n tweetalige beskouing. Volgens dié VP-beskouing, moes daar ten alle koste verhoed word dat die Nasionaliste beheer oor die onderwys kry om dit te gebruik ter bevoor-

dering van die totstandkoming van 'n eksklusiewe minderheidsrepubliek wat oorheers sou word deur wat hulle beskou het as die "Afrikaner-Herrenvolk". Die VP het die beginsel van moedertaalonderwys aanvaar, maar om tweetaligheid te bevorder, was dié party ten gunste van die invoer van die tweede taal as onderrigmedium op 'n tydstip wat opvoedkundig aanvaarbaar is (Broodryk 1994: 141-5; vgl ook Malherbe 1977: 82-92; Basson 1944: 102-7).

Voorstanders van moedertaalonderrig het gesteun op opvoedkundiges volgens wie 'n kind se kognitiewe vermoë in sy moedertaal neergelê word. Slegs wanneer 'n kind 'n gesonde grondslag daarin het, kan hy begin om 'n tweede of derde taal, asook wiskunde of ander begrippe aan te leer. Die twee partye het dus dieselfde ideaal nagestreef: hoe die ideaal gerealiseer sou word, is in 'n groot mate deur hul ideologiese paradigma eerder as opvoedkundige beginsels bepaal. Dit sou die keuse bepaal tussen die enkel- en dubbelmediumonderwys.

'n Aansienlike gedeelte van die 1944 parlementêre debat is aan die kwessie van een- of tweetalige skole afgestaan. Die bevindinge van die ondersoek van die National Bureau for Educational and Social Research is op 24 Mei 1944 in die Parlement te berde gebring. Na langgerekte besprekings is die mosie van adv C R Swart, afgekeur waarin hy sy afkeuring uitgespreek het oor die pogings om die natuurlike "ontwikkeling en uitbouing van moedertaal-onderwys en Afrikaansmediumskole te dwarsboom" en is genl Smuts se wysigingsvoorstel met 'n meerderheidstem aanvaar. Dit was onomwonde ten gunste van dubbelmediumonderwys (Broodryk 1994: 143, 149, 150; vgl ook Basson 1944: 115, 116; Malherbe 1977: 90).

Die Provinsiale Rade is genoop om die leiding van die Unie Parlement te volg. Die provinsies het daarop gereageer en het gekontroleerde eksperimente ingestel wat die metodes van onderrig van die tweede taal ondersoek het asook die invoering daarvan op verskillende stadia van die leerling se skoolloopbaan (Behr & MacMillan 1971: 64). Daar is besluit dat die regering in oorleg met die provinsiale owerhede oorweging sou skenk aan die wysiging van provinsiale onderwysordonnansies sodat die tweetaligheidsideaal binne vyf jaar verwesenlik sou word. Die provinsiale owerhede is onder druk geplaas en elkeen het gestalte daaraan gegee op sy eie wyse (vgl 5.2-2.5). Aangesien die Natalse stelsel in wese dubbelmediumonderwys was,

is daar eintlik net van die ander drie provinsies aanpassings verwag. In die Kaapprovinsie is pogings aangewend om dubbelmediumonderwys in te voer. Die saak is omsigtig hanteer en tussen die jare 1945 en 1949 het die provinsie 'n beheerde proefneming gedoen en geen beduidende voordeel in die gebruik van die tweede taal as medium ingesien nie. Omdat die HNP die Vrystaatse Provinsiale Raad beheer het, kon dié provinsie die druk weerstaan. Met die VP in beheer ook in Transvaal, was dit anders gesteld (Broodryk 1994: 143, 149, 150; vgl ook Basson 1944: 117).

Hierdie besluite het van krag gebly tot die verkiesing van 1948 toe die HNP as regerende party met nuwe beleidsvoorstelle gekom het (Hoofstuk 6).

### 5.1 Kaapprovinsie

Die kwessie van die gebruik van leerlinge se tweede taal as medium van onderrig het so 'n kontensieuse kwessie in die Kaapprovinsie geword dat die Administrateur aan die begin van 1944 'n empiriese ondersoek daarna geloods het. Die opdrag was dieselfde as genl. Smuts se wysigingsvoorstel in die Parlement aan die begin van 1944. Daar is toe bevind dat die standaard van tweetaligheid die laaste twintig jaar aanmerklik verbeter het.<sup>1</sup>

Die Provinsiale Administrasie in die Kaapprovinsie het die opdrag betreffende die dubbelmedium kwessie omsigtig hanteer en dit eerder beskou as 'n opvoedkundige as 'n politieke kwessie. Seksie 71 van Ordonnansie nr 18 van 1944 het die Superintendent-generaal van Onderwys opdrag gegee om empiries drie sake vas te stel: Watter effek die gebruik van die tweede taal as onderrigmedium sou hê op die leerlinge se eerste taal en ander vakke; op watter stadium die tweede taal tot die grootste voordeel van die leerling ingevoer kan word en tot watter mate die tweede taal ten beste en met die minste skade as 'n medium van onderrig in elke klas aangewend kan word. In die ondersoek het opvoedkundiges die meeste gebruik gemaak van leerlinge van standerd vier tot standerd ses. In die geheel is bevind dat die

1 Vir meer inligting hieromtrent vgl Report on the Experiment involving the use of the second official language as a medium of instruction. 1951. Department of Public Education, Cape of Good Hope: 7.

grootste voordeel in die kennis van die tweede taal verkry is in omgewings wat eentalig was. Die toets was egter nie beslissend nie as gevolg van die kort periode waarin dit geskied het aangesien die eksperiment in 1949 met die bewindsoorname van die NP die vorige jaar gestaak is. Dit is gedoen in 'n stadium dat die hele mediumkwaliteit hoog gepolitiseerd geraak het (Malherbe 1977: 93-100). Met die publisering van die resultate in 1952, is tot die gevolgtrekking gekom dat kinders voordeel daaruit getrek het mits die houding van die onderwyser positief daaromtrent ingestel was. As gevolg van die politieke agitatie het mense geglo dat die moedertaal in gedrang was as die tweede taal gebruik is as 'n aanvullende medium in die hoër klasse (Malherbe 1977: 99).

Met die instelling van die nuwe Onderwysordonnansie (nr 18 van 1944) wat dit verpligtend maak dat elke leerling vanaf standerd ses tot by standerd tien in albei landstale as vak moet slaag om die jaar deur te kom (soos dit in die Vrystaat lankal die geval was) (en wat ook dieselfde eise aan studentonderwysers aan opleidingskolleges stel benewens nog dubbelmediumonderwys in sekere vakke), is gehoop dat die tweetaligheidsyfer in Suid-Afrika noodwendig sou styg. Op 'n spesiale konferensie van inspekteurs wat in April 1944 belê is ten einde die peil van tweetaligheid wat in skole in die Kaapprovinsie bereik is, te bespreek, is besluit dat om in die eksamen as geheel te slaag ook in die tweede amptelike taal geslaag moet word: by die standerd ses-eksamen vanaf 1946, die standerd sewe-eksamen vanaf 1947; die Junior Sertifikaateksamen vanaf 1948, die standerd nege-eksamen vanaf 1949 en die Senior Sertifikaateksamen vanaf 1950. Slegs by uitsondering kan 'n kandidaat van die Departement vrystelling hiervan ontvang. Bykomend hiermee is verder gehoop dat met die toepassing van tweetaligheidsvereistes in alle vertakkinge van die staatsdiens, die verstedeliking van die Afrikaanssprekende waardeur hy op meer as maatskaplike, ekonomiese en ander gebiede met sy Engelse medeburger meng, en ander tweetaligheidsvereistes, tweetaligheid 'n aansienlike hupstoot sou kry (Coetzee 1958: 108, 109; vgl ook Malherbe 1977: 91, 92; Du Toit 1970: 128; Cilliers 1953: 261).

## 5.2 Vrystaat

Die Vrystaat het geen stryd op die gebied van die onderwys in hierdie tyd beleef nie. Dit was onder andere as gevolg van 'n beslissing van regter F P van den Heever van die Vrystaatse afdeling van die Hooggeregshof voor die einde van 1939 in 'n saak waaarin beslis is dat volgens Ordonnansie nr 15 van 1930 onderrig in die moedertaal van die kind verpligtend sou wees (Scholtz 1984: 291).

Van 1940 af is alle klasse in die moedertaalmedium gevoer, deur middel van parallelklasse by dieselfde skool of in aparte enkelmediumskole. In die meeste skole is Engels slegs as vak in die taalklasse gehoor. Buitendien was Afrikaans die enigste medium wat gebruik is in die opleiding van onderwysers, terwyl Engels net as 'n vak onderrig is (Malherbe 1977: 96).

Die verhewigde aksie in die ander drie provinsies ten gunste van dubbelmediumonderwys wat vroeg in die veertigerjare gewoed het, maar veral ná die VP-oorwinning in 1943, is die Vrystaat gespaar hoofsaaklik omdat die NP hier die meerderheid van die setels in die Provinsiale Raad verower het (Scholtz 1984: 292, 302). Dié provinsie kon dus die druk weerstaan wat vereis het dat taalwetgewing van die provinsiale regering in ooreenstemming met dié van die nasionale regering gebring word.

## 5.3 Transvaal

Die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het op die taalvraagstuk in Transvaal sy invloed laat geld. In die nuwe gees van "volkseenheid" wat deur die Wêreldoorlog op die voorgrond gebring is, het 'n meerderheidsverslag van 'n Transvaalse Onderwyskommissie van 1939 aanbeveel dat die provinsie hom nie net daarvoor sou beywer dat albei tale as voertaal gebruik word nie, maar ook dat voorkeur verleen sou word aan die oprigting van parallelmedium- of dubbelmediumskole omdat sodanige skole "volksverdeeldheid" sou teenwerk, en tweetaligheid en wedersydse begrip bevorder. Die minderheidsverslag het egter sterk gestaan by die bestaande reëling van enkelmediumskole. Afrikaanssprekendes het dit oor die algemeen beskou as 'n "aanslag" op hul taalregte en het hulle georganiseer op 'n breë nasionale grondslag (Broodryk 1994: 140, 141).



Teen die helfte van 1941 het enkelmedium onderwys in die Transvaalse Provinsiale Raad ter sprake gekom. In Desember 1941 het die Minister van Binnelandse Sake, H Lawrence, die enkelmediumskool veroordeel en verklaar dat 'n kommissie aangestel is om dit te ondersoek. Die voertaalvraagstuk het in die Transvaalse Provinsiale Raad na die VP-oorwinning by die stembus in 1943 aan die bod gekom. Die VP het gemeen dat die kiesers aan hom 'n mandaat verleen het om 'n nuwe taalbeleid in dié provinsie in te voer, aangesien die verkiesing hoofsaaklik geveg is oor die taalmediumvraagstuk (Basson 1944: 102-8; vgl ook Shingler 1973: 130).

Na 1944 is die voorgestelde verandering in die voertaalbeleid in die Transvaalse Provinsiale Raad uiteindelik goedgekeur in weerwil van die teenstand van hoofsaaklik Afrikaanssprekendes teen die dubbelmediumbeleid. Die voorstel het gelui:

- 1 Dat in die besonder hierdie Raad van mening is dat die funksie van ons skole is om tweetalige burgers vir hierdie tweetalige land op te lei;
- 2 dat hierdie Raad die onderwysbeginsel aanvaar dat die opleiding van leerlinge in die vroeë stadia van hul skoolloopbaan deur middel van hul moedertaal moet geskied;
- 3 dat hierdie Raad ten gunste daarvan is met die oog daarop om die ideaal van tweetaligheid in die skole te bevorder,
  - i dat die nodige stappe gedoen sal word vir die geleidelike invoering van die tweede taal as medium wanneer dit uit 'n opvoedkundige oogpunt toepaslik is,
  - ii dat sodanige verandering in die opleidingstelsel van onderwysers aangebring moet word as wat nodig mag wees om hierdie ideaal ten uitvoer te bring (Basson 1944: 126).

Die Taalkomitee wat in 1945 in Transvaal aangestel is, moes metodes ontwikkel om die standaard van onderrig van die tweede taal as vak te verhoog. Daarvoor is inspekteurs aangestel om toe te sien dat die besluite wat betref die vasstelling van die moedertaal van die leerling ook in privaatskole geïmplementeer word en dat die onderrig deur medium van die tweede taal van standerd ses opwaarts nagekom word (Malherbe 1977: 98).

Ten uitvoering van die voorgestelde veranderings waarop in 1944 besluit is, het die Transvaalse Provinsiale owerheid in 1945 die reëlings in verband met die taalvraagstuk radikaal gewysig. Die hoofbe-

ginsel van die nuwe taalordonnansie, naamlik Ordonnansie nr 5 van 1945, is: 1) Die voertaal van elke leerling in alle standerds tot en met die vyfde in 'n openbare of privaatskool sal die moedertaal van die kind wees, behoudens sekere uitsonderings; 2) bo standerd vyf moet albei tale as voertale gebruik word. Die tweede voertaal sal geleidelik ingevoer word, tot in die jaar 1951 wanneer die twee tale op 'n so na moontlik gelyke grondslag as voertale in elke openbare en privaat-skool gebruik sou word. Onmiddellik moet die tweede taal net deur dié taal onderrig word; in 1946 moet elke addisionele vak deur medium van die ander taal aan elke leerling in standerd ses geleer word; in 1947 moet weer een addisionele vak deur medium van 'n ander taal aan elke leerling in standerd sewe geleer word en voort tot en met 1951 die hele skool aan dubbelmedium onderwerp sou wees (Coetzee 1958: 318; vgl ook Pells 1954: 106).

In een opsig was dit 'n terugkeer na die ideale van genl. Hertzog in die ORK in 1908-1911, te wete die invoering van dubbelmedium-onderwys (met die doel om die twee nasionaliteite saam te bind). Die ander ideaal van die generaal, naamlik die gemengde skool, is nie weer verwesenlik nie: die "tweetalige skool" sou nie 'n "tweenasionale skool" wees nie; en tog het 'n derde ideaal in die gedagte van almal gebly, te wete algemene tweetaligheid. Volgens Coetzee (1952: 98) wat 'n diametrale teenoorgestelde standpunt as Malherbe gehuldig het, het die taalgeskiedenis na Uniewording egter getoon dat die gemengde skool geen lewensvatbaarheid het nie, dat dubbelmedium deur min vakkundiges onderskryf word, maar dat tweetaligheid die ideaal van die meeste kenners gebly het. Tweetaligheid moet volgens dié standpunt verseker word, nie in 'n gemengde skool nie, en ook nie deur dubbelmediumonderwys nie, maar wel deur grondige onderrig op die enkelmediumskool in die eerste maar ook en veral in die tweede taal (Coetzee 1952: 98).

Die taalregulasie, die New Consolidated Education Ordinance (Ordonnansie nr 5 van 1945) het op 1 Januarie 1946 in werking getree. Die belangrikste verskille tussen die nuwe en die ou ordonnansie (Ordonnansie nr 17 van 1934, 'n wysiging van die 1911 Rissik-ordonnansie) kan opgesom word met:

- Alle leerlinge moet albei tale leer terwyl daar voorheen ouers was wat kon eis dat sy kind kwytgeskeld word van een van die tale.

- Beide tale was verpligte eksamenvakke in die sekondêre skool. Met Ordonnansie nr 17 van 1934 was nie een taal 'n verpligte eksamenvak nie.
- Die tweede taal moes geleidelik ingevoer word as 'n medium in alle klasse van standerd ses sodat teen 1951 beide tale gebruik kan word as medium van onderrig op gelyke vlak in die sekondêre skool. Voorheen was dubbelmedium op sekondêre skoolvlak, maar dit was na die keuse van die ouers.
- Die keuse van die vakke wat onderrig moet word deur die medium van die tweede taal is bepaal deur die Direkteur van Onderwys op aanbeveling van die skoolhoof (in die ou ordonnansie het 'n komitee van ouers daaroor besluit). Vanaf 1947 moet ten minste een vak 'n eksamenvak wees.
- So ver as taal en medium betref was privaatskole onderhewig aan dieselfde vereistes as publieke skole. (Die ou ordonnansie was net van toepassing op regeringskole).
- wat betref die opleiding van onderwysers: voorheen was 'n hoë standaard vereis in net een taal. Nou het dit vereis dat onderwysers so ver as moontlik tweetalig moet word.
- Strafklousules is ingestel vir oortreders terwyl dit voorheen nie deur vorige wetgewing vereis is nie (Malherbe 1977: 97; vgl ook Behr 1978: 26; Coetzee 1958: 318).

Hierdie taalordonnansie is uitgevaardig deur mense wat vroeër sterk beswaar gemaak het teen die sogenaamde aantasting van die ouerreg. Daar is geen erkenning aan die reg van die ouers verleen om 'n keuse uit te oefen nie. Daarby is dié dwang ook geldig gemaak vir privaat-skole. Hierdie ordonnansie impliseer 'n verhoging van verpligte moedertaalmedium van standerd vier na standerd vyf en 'n verpligting van dubbelmedium na standerd vyf in alle skole (Coetzee 1952: 99; vgl ook Bot 1951: 120, 122).

Die Smuts-voorstelle van dubbelmediumonderwys in Transvaal op post-primêre vlak, het die persentasie leerlinge wat onderrig deur sowel Engels as Afrikaans ontvang het in die sekondêre skole, laat toeneem van 0.8% in 1945 to 4% in 1948 (Malherbe 1977: 109).

Die Departement het die deurvoering van die Ordonnansie met mening aangepak: deur omsendbriewe; deur aanbevelings van skool-

hoofde en inspekteurs aan te vra; deur benoeming van spesiale komitees; deur advies van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad aan te vra; deur besprekings met die hoofde van onderwyskolleges en deur regulasies uit te vaardig (Coetzee 1958: 318). Die reaksie teen hierdie Ordonnansie was baie hewiger as selfs teen Ordonnansie nr 17 van 1934. Sowel Engels- as Afrikaanssprekende onderwyskundiges en ouers het beswaar ingebring teen die dubbelmedium na standerd vyf (Coetzee 1958: 319).

Die volgende tabel gee 'n oorsigtelike aanduiding van die groei van die Engels- en Afrikaanssprekende medium van onderwys in Transvaal. Daaruit kan aangetoon word dat politieke omstandighede 'n bepaalde impak op die groei of vermindering in leerlinggetalle van die onderskeie wit taalgroepe gehad het oor 'n tydperk van bykans 'n kwart eeu. Alhoewel dit dui op leerlinggetalle in Transvaal tussen 1924 tot 1948 kan die neiging *mutatis mutandis* op die ander provinsies van toepassing gemaak word:

Jaartal	1924	1929	1934	1939	1944	1948
E-leerlinge	50 829	54 184	54 172	58 196	58 918	56 467
A-leerlinge	60 247	74 101	85 313	106 183	121 308	139 840

(Coetzee 1958: 299, 319)

Uit 'n ontleding van die gegewens is dit duidelik dat die gebruik van Afrikaans as medium in skole oor 'n tydperk van twee dekades (1924 tot 1944) werklik opvallend was en dat dié van Engelssprekende leerlinggetalle nie dieselfde groei getoon het nie. Die Superintendent-generaal van Onderwys (in die Kaapprovinsie waar die omstandighede wat Afrikaans as medium betref, dieselfde was) het dit tewens in sy verslag van 1926, een jaar nadat Afrikaans amptelike status verkry het, soos volg beskryf:

The fact that now 914 out of every thousand Dutch- (Afrikaans-) speaking pupils receive instruction chiefly through the medium of Dutch (Afrikaans) indicates that a revolution of the first magnitude has taken place in our educational system (Malherbe 1977: 31).

In die eerste twee dekades nadat Afrikaans amptelike status verwerf het, van ongeveer 1924 tot 1944, het die Afrikaanssprekende leerlinggetalle meer as verdubbel. Van die totale groei in leerlinggetalle van

62.2%, was die groei onder Afrikaanssprekende leerlinge 101.4%, terwyl die Engelssprekende leerlinge in die ooreenstemmende tydperk met 15.9% gegroei het. Die verkiesing van die NP in 1924 het impetus aan dié neiging verleen. In slegs vyf jaar van die twintigerjare (1924 tot 1929) was uit 'n totale groei van 7.7%, 20.3% Afrikaanssprekendes en 6.6% Engelssprekendes. In die gees van die tyd het G D Scholtz (1979b: 70, 76) daaroor geskryf:

In die jare 1924 en 1939 kon die Afrikaners van oorwinning tot oorwinning voortgaan in hul strewe om skole te kry waar die medium van onderrig die moedertaal van die kind sou wees en waar daar 'n Christelik-nasionale gees sou heers", en "[ouerkeuse] het tot gevolg gehad dat die oorgrote meerderheid van sy kinders vir die Afrikaanse volk behoue gebly het.

Daar is reeds aangetoon (hoofstuk 4) dat verpligte moedertaalonderwys ná 1924 in die skole van byna al die provinsies van standerd vier tot ses verhoog is en dat die ouer eers na standerd ses kon kies in watter taalmedium sy kind onderwys sou ontvang. Dit kan as 'n belangrike faktor beskou word om die groei in veral die Afrikaanssprekende leerlinggetalle te beskryf.

In die volgende vyf jaar, dit is tussen die jare 1934 en 1939, blyk dit dat uit 'n totale groei van 17.9%, Afrikaanssprekende leerlinggetalle 'n groei getoon het van 27.5%, en dié van Engelssprekendes 7.3%. Twee standpunte sedert Uniewording wat diametraal teenoor mekaar gestel is, het veral in hierdie periode in 'n verbete politieke stryd ontwikkel. Die een standpunt het geëis dat elke kind die reg moes geniet om in sy moedertaal op skool onderrig te ontvang. Die ander het geëis dat die ouer die reg moes geniet om te bepaal in welke taalmedium sy kind op skool onderrig moes word. Dit was duidelik dat die politieke ideologie van die onderskeie partye 'n rol gespeel het in die bepaling van 'n taalbeleid op nasionale en provinsiale vlak en dat dit die leerlinggetalle van die onderskeie wit taalgroepe wesenlik beïnvloed het. Die reg van die ouer om 'n keuse te maak, het 'n belangrike rol gespeel in die leerlinggetalle van die twee taalgroepe.

Gedurende die volgende vyf jaar periode (die periode wat aan die bod kom in hierdie hoofstuk), die oorlogsjare (1939 tot 1944), het die groei in leerlinggetalle oor die algemeen afgeneem. Afrikaanssprekende leerlinggetalle het in vergelyking met die vorige vyf jaar

periode (1934 tot 1939) 'n kleiner groei getoon. Uit 'n totale groei van 9.6% uit die oorlogsjare (in vergelyking met 17.9% van die vorige vyf jaar), was 14.2% Afrikaanssprekend (in vergelyking met 27.5% die vorige vyf jaar), en 1.2% Engelssprekend (in vergelyking met 7.3% die vorige vyf jaar). Die propagandastryd voor die provinsiale verkiesings in 1943 het die kwessie van enkel- of dubbelmediumskole in die onderwys in dié tydperk verder verpolitiseer. Dat die VP-standpunt (dubbelmediumskole) geseëvier het in die algemene verkiesing en in die Provinsiale Rade wat die besluite moes deurvoer, het nie in die praktyk noodwendig beteken dat dit geïmplementeer is nie (byvoorbeeld in die Vrystaat onder NP-beheer), of dat dit onmiddellik in ordonnansies gestalte gevind het in elke provinsie nie, soos die fluktuasie in leerlinggetalle duidelik blyk uit die volgende vier jaar (1944 tot 1948) met 'n VP-regering steeds in beheer.

Die tydperk 1944 tot 1948, die laaste vier jaar van VP-regering, toon 'n interessante tendens. In vergelyking met ander periodes het die totale toename in leerlinggetalle kleiner geword, naamlik 3.9%. Die groei in Afrikaanssprekende leerlinggetalle het ook verminder tot 7.9%, terwyl die Engelssprekende leerlinggetalle 'n negatiewe groei toon met minus 4.2%. Die wye keuse van vakke by skole terwyl weinig skole meer as agt kon aanbied, het die implementering van die ordonnansie vertraag. Daarby was weinig onderwysers werklik tweetalig en het die keuse van die vak wat in die tweede taal onderrig moes word, probleme opgelewer. Hoe moeilik dit was om die nuwe Ordonnansie te implementeer, kan gepeil word uit die feit dat voor 1945 0.5% van die totale skoolbevolking hul onderrig in albei mediums ontvang het en twee jaar later het die persentasie gestyg tot slegs 2% (Pells 1954: 107). In sekondêre skole het die persentasie gestyg van 0.8% to 2.9%. Die meerderheid leerlinge het dus hul onderrig in Transvaal nog steeds in hul moedertaal ontvang (Malherbe 1977: 98). 'n Verdere rede waarom die styging van leerlinggetalle in eentalige skole minder was, was dat die aard van genl Smuts se voorstelle vir dubbelmediumonderrig nie outoritêr was nie omdat hy besef het dat onderwys op primêre en sekondêre skoolvlak 'n provinsiale aangeleentheid was. Terwyl hy die belang van die algemene beginsels uitgestippel het, dit is die belang van moedertaal in die vroeë stadia, die bevordering van tweetaligheid en 'n kultivering van 'n Suid-

Afrikanisme, “he did not lay down the law as to exactly how and at what standard the provinces should carry out these concepts in practice” (Malherbe 1977: 96). ’n Periode van vyf jaar (1951) is ingestel waarin Ordonnansie nr 5 van 1945, geleidelik geïmplementeer kon word.

Die politieke agitatie in die veertigerjare teen dubbelmediumskole het nooit verflou nie. ’n Verdere rede vir die stadige implementering van die taalbesluite is volgens Malherbe (1977: 98) die invloed van die Broederbond en sy “subsidiaries”, die FAK en die NIOO (Nasionale Instituut vir Opvoeding en Onderwys), wat alles in die stryd gewerp het om die NP-beginsels in verband met moedertaalonderrig in die Transvaalse Provinsiale Raad in ere herstel. In 1948 is ’n verdere departementele kommissie benoem om in te gaan op die werking van Ordonnansie nr 5 van 1945 in die twee voorafgaande jare. Die kommissie het sekere wysigings voorgestel wat nie uitgevoer is nie (Coetzee 1958: 319). Die provinsiale verkiesings van 1948 is grotendeels gevoer oor hiërdie Ordonnansie. Die NP van Transvaal het hom skerp uitgelaat teen dié Ordonnansie, en na sy oorwinning in die verkiesing van 1948 het hy byna onmiddellik ’n nuwe taalordonnansie (nr 19 van 1949) geldig gemaak (Coetzee 1952: 99).

#### 5.4 Natal

Die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het die Natalse gemeenskap in ’n pro-oorlog en ’n anti-oorlog faksie verdeel. Die Engelse meerderheidsposisie in Natal het hoofsaaklik onsimpatiek teenoor die Afrikaanssprekende se taalaspirasies gestaan, ’n feit wat direkte neerslag gevind het in wetgewing in die onderwys.

Teen 1941 was daar byna geen wit leerling wat nie onderrig in die tweede amptelike taal in Natal ontvang het nie. Die aantal en soort skole was soos volg: Engelsmediumskole: 86 primêre en 16 sekondêre skole met 26 991 leerlinge; Afrikaansmediumskole: 14 primêre en 2 sekondêre skole met 4 900 leerlinge; parallel- en dubbelmediumskole: 28 primêre en 10 sekondêre skole met 326 leerlinge (Coetzee 1958: 237). Die Administrasie het in hierdie jaar die beleid voorgeskryf dat geen verder gewaarborgde enkelmediumskole in die groter dorpe in die toekoms gestig sal word nie en dat oral waar die minderheid dit verlang, onderrig gegee sal word in die taal wat nie die voertaal van die skool is nie. Daar moes voorsiening vir die stigting van parallel-

mediumklasse gemaak word (Coetzee 1958: 236,237). Die voortbestaan van die Afrikaansmediumskool het dus in gedrang gekom, terwyl die Engelssprekende leerling die reg gehad het om na die Engelse enkelmediumskool te gaan (Beylefeld 1986: 102).

Teen 1942 was die Natalse onderwysstelsel steeds op die beginsels van die onderwyswette van 1877 gebaseer. Dit was in daardie stadium duidelik dat ná 'n driekwart eeu daardie wette lankal by veranderde toestande aangepas en hersien moes word. Die nuwe wetgewing is in die Gekonsolideerde Onderwysordonnansie nr 23 van 1942 vervat (Hauptfleisch 1975: 21; vgl ook Behr 1978: 25). Die volgende bepalinge uit die Onderwysordonnansie van 1942 is die vernaamste:

- Vry sekondêre onderwys vir wit en bruin skole.
- Verpligte bestudering van albei amptelike tale vanaf standerd een deur leerlinge in wit en bruin skole.
- Verpligte onderrig deur medium van die leerling se tweede amptelike taal in een of ander deel van die leergang vir nie minder as 'n halfuur per dag nie — hierdie bepaling is van krag in standerd twee en elke jaar daarna in een standerd hoër (artikel 12 (2)) tot dat die hele skool in nege jaar so ingerig is; die keuse van die vak wat in die vreemde medium gedoseer word, is die prerogatief van die skoolhoof.
- Die reg van die ouer om die voertaal van sy kinders te kies (dit was 'n herbevestiging van die taalordonnansie van 1916) (Coetzee 1958: 239; vgl ook Botha 1945: 11, 13; Behr & MacMillan 1971: 60).

Die promulgasie van dié Ordonnansie het verreikende gevolge vir die groter vraag aan tweetalige onderwysers in die primêre skool in Natal gehad (vgl 5.5.1). (Coetzee 1958: 239). Daarby het die Afrikaanssprekende die reg van die ouer (volgens die nuwe Ordonnansie) om die voertaal van die kind te kies, beskou as die geleidelike vernietiging van moedertaalmediumskole in Natal aangesien die ouer eerder geneig was om Engels as medium vir sy kind te kies. Die Afrikaanssprekende ouers het in hierdie tyd beswaar gemaak teen die owerheid se poging om die primêre klasse van die Pietermaritzburgse Voortrekker Hoërskool te verskuif na die Boomstraatse Engelsmediumskool waar hulle met die stigting van parelmediumklasse wou begin (die Pietermaritzburgse Voortrekker Hoërskool was een van slegs twee sekondêre



skole met Afrikaans as voertaal). Ten spyte van die teenkanting van Afrikaanssprekendes het die Onderwysdepartement en die Uivoerende Komitee volhard met die beleid. Die Afrikaanssprekendes het by monde van instansies soos die Pietermaritzburgse Taalmediumkomitee en die NG Kerk sterk op die vermeende bedreiging gereageer. Selfs 'n afvaardiging na die Eerste Minister het onverrigtiger sake teruggekeer. Die Natalse Onderwys Adminstrasie het gepoog om die sekondêre klasse van die Voortrekker Hoërskool te verwyder en dit by ander skole in te lyf.<sup>2</sup>

Daar is toe besluit om 'n CNO-skool in 1943 in Pietermaritzburg te stig. Beylefeld 1986: 106 meld dat die skool in 1944 gestig is. Dit is in 1948 deur die Natalse Onderwysdepartement oorgeneem (Coetzee 1958: 239; vgl ook Botha 1945: 49; Beylefeld 1986: 106 ev; Malherbe 1977: 53 ev).

Beide die Broome- (1937) en Wilks-(1946) kommissies van ondersoek na die onderwys in Natal het aandag gegee aan die probleme wat ondervind is met die medium van onderrig. Wat die Broome-kommissie betref (vgl 4.5 hierbo), was daar nie eenstemmingheid ten opsigte van die vraag of die keuse van medium van onderrig aan die ouers oorgelaat moet word en of daar bepaal moet word dat die medium van onderrig die taal moet wees wat die kind die beste verstaan, dit wil sê sy moedertaal. Die Broome-kommissie het (volgens die Wilks-verslag) so besluit weens die feit dat eersgenoemde Kommissie nie met die reg van ouers wou inmeng nie. 'n Minderheidsverslag van dié Kommissie het egter 'n sterk pleidooi vir moedertaalonderrig gelewer (RGN 1981: 33; vgl ook Behr 1988: 24).

Toe die Wilks-kommissie met sy ondersoek in 1944 begin het, het die keuse van onderrigmedium geheel by die ouers berus soos in die Gekonsolideerde Onderwysordonnansie nr 23 van 1942 bevestig. Die Kommissie kon hom nie hiermee vereenselwig nie en spreek hom soos volg hieroor uit:

It is a fundamental principle of educational procedure that a child should, on first going to school, be taught through the medium of the language he understands best. This will be the language spoken in the home (RGN 1981: 33).

2 Vir 'n volledige uiteensetting van die agitatie van Afrikaanssprekendes, vgl Botha 1945: 13-49; Beylefeld 1986: 102 ev; Malherbe 1977: 52 ev.

Hierdie beginsel is nie uit enige oord ernstig uitgedaag nie. Die Kommissie voel nie die noodsaak om die argumente ten gunste van die moedertaal as medium weer te herhaal nie aangesien dit herhaaldelik in opvoedkundige literatuur onder die loep geneem is. Hoewel die Kommissie waardering gehad het vir die demokratiese reg van elke ouer om te besluit oor die welsyn van sy kind, het hulle desnieteenstaande bevind dat:

The parent does not always possess the technical knowledge to act with wisdom in the interest of his child, and where matters arise which involve knowledge and understanding which lie outside what can be expected from the ordinary citizen, the State has wisely intervened and compelled parents to act according to its direction (RGN 1981: 34; vgl ook Rose & Tunmer 1975: 186, 187).

Uit die getuienis voor die Kommissie was dit duidelik dat ouers nie voldoende insig in die aangeleentheid gehad het nie, en dat skoolhoofde nie daarin kon slaag om ouers so voor te lig dat hulle in die beste belang van hulle kinders sou handel nie. Ordonnansie nr 23 van 1942 wat die keuse in ouerhande gelaat het, het dus na die mening van die Kommissie veroorsaak dat baie kinders onnodig benadeel is. Hulle het aanbeveel dat dié Ordonnansie só gewysig word sodat elke kind tot en met standerd vyf onderrig ontvang deur medium van die amptelike taal wat hy die beste verstaan. Hoewel die Wilks-kommissie so aanbeveel het, was hy nietemin van mening dat regulasies in die verband so ontwerp moet word dat dit voorsiening maak vir gevalle waar twyfel oor die werklike huistaal (moedertaal) van die leerling bestaan en ook vir gevalle waar die kind ewe taalbevoeg in albei tale is. In dié verband het die Kommissie soos volg aanbeveel:

- 1 Die skoolhoof sal besluit watter van die amptelike tale die leerling die beste verstaan;
- 2 waar twyfel daarvoor bestaan, sal die inspekteur geraadpleeg word met dien verstande dat indien dié besluit deur die ouers in twyfel getrek word, laasgenoemde 'n appèl aan die Administrateur kan rig;
- 3 indien die skoolhoof oortuig is dat die leerling volledig tweetalig (Afrikaans en Engels) is, sal die keuse van die medium van onderrig berus by die ouer;
- 4 indien die ouer op enige stadium verlang dat sy kind na die ander medium van onderrig oorgeplaas word, sal die skoolhoof, indien hy hom vergewis het van die wenslikheid hiervan, dit toelaat met dien verstande dat dit aan die begin van die skooljaar geskied (RGN 1981: 33, 34, 35).

## 5.5 Swart onderwys

Vanaf 1940 was die sillabus in die swart sekondêre skole in die Oos-Kaap (later Transkei) dieselfde as vir wit leerlinge in die Kaapprovinsie, behalwe dat swart leerlinge bykomend tot die amptelike taal hul moedertaal aangebied het as eksamenvak (Behr 1988: 230). In die Cingo-kommissie (1962) wat aangestel is deur die Transkeise regering, en wat ondersoek moes instel na die kwessie van 'n Afrikataal in die skole, is terugskouend bevind dat die amptelike taal wat deurgaans in die skole gebruik is Engels was, en dat dit van 'n swak gehalte was (Rose & Tunmer 1975: 194).

Die Kaapprovinsie het teen hierdie stadium net gemengde skole vir Indiër en bruin leerlinge gehad. Natal het afsonderlike skole vir bruin en Indiër leerlinge, hoofsaaklik omdat die bruin mense oor die algemeen Afrikaans-, en Indiërs oor die algemeen Engelssprekend was. 69.9% van skoolhoofde, studente in onderwyskolleges en die Indiërpubliek het 'n beslissing teen gemengde skole in Transvaal gevel. In hierdie provinsie was dus albei skole, naamlik suiwer Indiërskole, en gemengde Indiër- en bruin skole (Naudé 1950: 314) (vgl 4.6).

Die Provinsiale Raad van die Kaapprovinsie se Ordonnansie op Kleurlingonderwys (nr 11 van 1945) het onder meer voorsiening gemaak vir die stigting van staatskole vir bruin leerlinge, waarin een van die amptelike tale, Afrikaans of Engels, as die onderrigmedium sou dien. Die dubbelmediumstelsel van onderwys wat in sommige Kaapse skole vir wit leerlinge gebruik is, is ook toegelaat (RGN 1981: 39). Tot 93.9% bruin mense in Transvaal was Afrikaanssprekend. En tog was Afrikaans in net 33.3% van die gemengde skole (Indiër en bruin) die voertaal in dié provinsie. Waar albei amptelike tale as voertaal gebesig is in die skole, is Afrikaans in die meeste gevalle in die grade gebruik en Engels in die ander standerds (Naudé 1950: 305, 314, 325). Van 1945 af het "Kleurlingonderwys" nie meer as 'n onderafdeling van "Naturelle-onderwys" in die Vrystaat geressorteer nie en is dit by die onderwys van die wit leerlinge onder andere vanweë die taalpek ingeskakel. Dit het meegebring dat die Regulasies vir die Kleurlingonderwys van 1926 verval het en dit is onder die Regulasies vir Blanke Skole geadministrateer is met dieselfde leerplanne en eksamens (Provinsie Kaap die Goeie Hoop 1951: 356, 365).

Dit was feitlik onmoontlik om moedertaalonderwys in Transvaal in Indiërskole in te voer as gevolg van die groot aantal Indiërtale. Die groot meerderheid Indiërleerlinge was Gujerati- en Tamilsprekend, maar dit was geen uitsondering dat tot vyf verskillende Indiërtale deur leerlinge van dieselfde skool gepraat is nie. 'n Groot aantal Indiërkinders het ook van Indië gekom. Hierdie leerlinge wat wel onderwys in Indië ontvang het, het dit daar in moedertaalskole ontvang. Gujerati, Urdu, Arabies en Parsee was onder die tale wat verskillende leerlinge bestudeer het. In 'n paar gevalle het leerlinge Engels geneem. Veral in die laer klasse was die taalprobleme verantwoordelik vir swak skoolbywoning onder leerlinge (Naudé 1950: 293, 286). Om hierdie probleme te bowe te kom, is Engels toenemend as voertaal in Transvaalse Indiërskole aangewend sodat teen 1940 byna al die Indiërskole in Transvaal Engels as voertaal gehad het. In Transvaal het 66.6% van Indiërleerlinge in primêre skole deur medium van Engels onderwys ontvang. In 75% van die skole was Engels die voertaal in die hoër standers. Die een skool wat in die laer klasse albei die amp-telike tale gebruik, het in standerd twee na Engels as voertaal oorgeskakel. Net een skool het Afrikaans dwarsdeur as voertaal gebruik. Waar Engels en Afrikaans die voertale in skole was, is sekere vakke slegs in Engels onderrig, terwyl ander in Afrikaans aangebied is, dus dubbelmediumonderrig (Naudé 1950: 267, 280, 304).

In Natal is feitlik dieselfde sillabus in Indiërskole gebruik (as vir wit skole) behalwe vir sekere vakke soos onder andere Afrikaans wat gebruik is op 'n beperkte skaal of glad nie. Ook in die sekondêre skool was Engels deel van die kurrikulum (Behr 1978: 236, 237).

## 5.6 Opleiding van onderwysers

### 5.6.1 Wit onderwysers

Daar was op nasionale vlak 'n algehele gebrek aan onderwysers wat bekwaam was om in albei tale as medium, onderrig te kon gee. Op 'n spesiale konferensie van inspekteurs in die Kaapprovinsie wat in 1944 belê is ten einde die peil van tweetaligheid in skole te bespreek, is 'n aantal besluite oor die onderwysprofessie geneem. Ten einde 'n hoër mate van tweetaligheid by die onderwysprofessie te verseker, is bepaal dat vanaf 1947 niemand in die finale onderwyseksamen sal

slaag nie tensy hy ook die tweede amptelike taal sou slaag nie (Coetzee 1958: 108, 109; vgl ook Malherbe 1977: 91, 92; Du Toit 1975: 118). Om 'n gewenste graad van tweetaligheid in die Kaapprovinsie te bereik, is dit noodsaaklik dat die grondoorsaak, naamlik die taalopleiding van onderwysers, aandag ontvang. Die volgende is in die Kaapprovinsie voorgestel:

- As voorvereiste vir die toelating tot 'n onderwyskollege, moet in albei amptelike tale in die Senior Sertifikaateksamen geslaag word. Verder, die vlak van taalvaardigheid van die tweede taal sou by die keuring van studente vir toelating tot gemelde kolleges, die beslissende faktor wees.
- Dat die onderwysersertifikaat nie uitgereik word alvorens elke kandidaat nie beide tale van die primêre onderwyseksamen geslaag het nie.
- Dat die taalvaardigheid wat op die laagste vlak (die Laer Tweetaligheidsertifikaat van die primêre onderwyseksamen vereis word), stelselmatig verhoog word.
- Dat voorsiening gemaak word vir die gebruik van die tweede taal as medium van onderrig by onderwyskolleges, met die uiteinde-like doel om die gelykwaardige gebruik van die twee tale te bereik (*Report on the experiment involving the second language as a medium of instruction* 1951: 8). Om die kwaliteit van tweetaligheid onder onderwysers te verbeter, het die Kaapse Departement van Onderwys deur die Superintendent-generaal van Onderwys-rapport van 1946 bepaal dat dubbelmediumonderrig in die onderwyskolleges in hierdie provinsie ingestel sal word (Malherbe 1977: 107).

Die graad van tweetaligheid van wit onderwysers op nasionale vlak en in die besonder in Transvaal en die Vrystaat was in die stadium nie na wense nie, hoofsaaklik, volgens Malherbe, as gevolg van kandidaatonderwysstudente uit eentalige skole wat aan eentalige onderwyskolleges (wat onder andere sedert 1932 in Transvaal gegeld het en in die Vrystaat met Afrikaans die enigste medium aan onderwyskolleges) en waar Engels slegs as vak onderrig is (Malherbe 1977: 37, 91, 92, 96). Ordonnansie nr 5 van 1945 van Transvaal het vereis dat onderwysers so ver as moontlik tweetalig word.<sup>3</sup>

3 Die Ordonnansie van 1934 (nr 17) het van onderwysers verwag om 'n hoë standaard te bereik in een taal (Malherbe 1977: 97; vgl ook Behr 1978: 26).

Na 'n driekwart eeu waarin Natalse onderwyswetgewing betreklik onveranderd gelaat is, is Ordonnansie nr 23 van 1942 (art 12(2)) bekragtig. Dit het bepaal (vgl 5.5) dat verpligte onderwys deur medium van die leerling se tweede amptelike taal in een of ander deel van die leergang vir nie minder as 'n halfuur per dag vereis is nie en dat hierdie bepaling van krag is in stander twee en elke jaar daarna in een stander hoër. Die bepaling het gelei tot 'n groter vraag na tweetalige onderwysers. Die Natalse Administrasie se beleid was veral sedert 1944 daarop gemik om tweetaligheid te bevorder. Wit onderwysers wat na 31 Desember 1943 aangestel is, is verplig om binne vyf jaar na hul aanstelling, bekwaam te wees om die tweede amptelike taal in die primêre skool te kan onderrig. By gebreke hieraan sou geen salarisverhoging aan die einde van die vyfde jaar aan hulle toegeken word nie. Natal wat die eerste provinsie was wat 'n spesiale bonus aangebied het met die doel om tweetaligheid aan te moedig, het nou ook besluit om die betaling daarvan vanaf die einde van 1948 te staak (Coetzee 1958: 239). Om die vraag na tweetalige onderwysers na aanleiding van voorgaande wetgewing die hoof te bied, is vanaf 1944 twee vakke aan die Natalse Opleidingskollege (wat tot dusver net Engelsmedium gebruik het) deur medium van Afrikaans te doseer. 'n Soort dubbelmediumstelsel is met ander woorde toegepas ten opsigte van sekere vakke (Coetzee 1958: 245). Teen 1944 was die mate van tweetaligheid in hierdie provinsie onder onderwysers soos volg: 40% onderwysers kon vakke van die primêre skool deur medium van albei tale onderrig; 20% kon primêre skoolvakke nie deur medium van hul tweede taal onderrig nie en 40% onderwysers was nie in staat om hul tweede taal te onderrig nie (Coetzee 1958: 246; vgl ook Malherbe 1977: 107). Ten einde die peil van tweetaligheid onder die Natalse onderwysers te verbeter, het die Onderwysdepartement deur die Direkteur van Onderwys-rapport van 1943 en 1951 bepaal dat dubbelmediumonderrig op onderwyskolleges in hierdie provinsie ingestel sal word (Malherbe 1977: 107).

### 5.6.2 Swart onderwysers

Wit onderwysers het vanaf die beginjare onderrig in bruin en Indiërskole gegee, maar vanaf die vyftigerjare is slegs van bruin onderwysers in bruin skole en Indiëronderwysers vir Indiërskole in Transvaal

gebruik gemaak. In die groter sentra is die wit skoolhoofde gaandeweg deur bruin mense en Indiërs vervang. Vanaf die twintigerjare is dieselfde kursus met onder andere die twee amptelike tale in die Kaapprovinsie en Transvaal vir onderwysers gevolg. Na 1934 het die Transvaalse Onderwysdepartement die opleidingkursus waarin beide amptelike tale gefigureer het, verander en is aparte “Kleurling-” en Indiëronderwysersertifikate ingestel (Coetzee 1958: 446, 450, 453). Die post-senior sertifikaat vir bruin onderwysers wat in 1943 in die Kaapprovinsie ingestel is, het bepaal dat die twee amptelike tale deel van die kurrikulum sal wees. Voorheen was die amptelike tale net deel van die kurrikulum van die bruin Primêre Onderwysersertifikaat (Behr & MacMillan 1971: 428).

Die relatief klein bruin bevolking in die Vrystaat het ’n aparte onderwyskollege onnodig gemaak. In 1951 het die Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie aanbeveel dat ’n opleidingskursus vir onderwysers ingestel word by ’n skool in Heatherdale in Bloemfontein (Provinsie Kaap die Goeie Hoop 1951: 358, 359).

Wat die amptelike tale betref, was 90.3% van die Indiëronderwysers in Transvaal in die veertigerjare tweetalig. Die eentaliges was Indiërs en wit mense. Ondersoeke van die moedertaal het getoon dat 37.5% van dié onderwysers Engelssprekend was, 26.25% Afrikaanssprekend en 21.25% Tamilsprekend (Naudé 1950: 292).

## 5.7 Slotsom

Die politisering van die taalkwessie in die onderwys wat veral momentum verkry het in die dertigerjare, het tydens die Tweede Wêreldoorlog en daarna in ’n venynige partypolitieke stryd ontwikkel. Die groei van ideologies gedrewe Afrikanernasionalisme het in direkte verhouding met die agteruitgang van die tweetalige skool in dié tyd gestaan.

Die Afrikaanssprekende wat oorwegend ’n politieke tuiste in die HNP gevind het, het die enkelmedium skool (wat hulle met soveel moeite uitgebou het in die vorige era) voorgestaan. Om een nasieskap tydens die oorlogsjare aan te moedig, het die VP-regering egter die tweetalige skool bevorder. Die bevindinge van empiriese navorsing oor die voordele al dan nie, van een- of tweetalige onderrig is deur beide partye aangewend om politieke munt te slaan.

Volgens Parlementêre opdrag moes die provinsiale taalordonnansies vanaf 1943 in ooreenstemming met dié van die sentrale regering gebring word. Natal het in wese reeds dubbelmediumonderwys gehad. Die HNP-meerderheid het dit vir die Vrystaatse Provinsiale Raad moontlik gemaak om moedertaalonderrig onveranderd te implementeer (of deur middel van parallelklasse in dieselfde skool of aparte enkelmediumskole). Vanaf 1944 moes beide amptelike tale in die Kaapprovinsie geslaag word van standerd ses af, die volgende jaar vanaf standerd sewe en voort tot die senior sertifikaat in 1950. Die nuwe Transvaalse taalordonnansie het die amptelike tale verpligte eksamenvakke in openbare en privaat sekondêre skole gemaak. Vanaf 1946 is verpligte moedertaalmedium van standerd vier na standerd vyf verhoog en 'n verpligting van dubbelmedium na standerd ses. Na die bewindsaanvaarding van die NP in 1948 is die voorgestelde taalveranderinge wat dubbelmediumonderwys tot sy reg sou laat kom, nie deurgevoer nie.